

Die Suid-Afrikaanse indeks vir maatskaplik verantwoordbare belegging en klimaatsverandering – lesse vir die toekoms?

Adri du Plessis en Anél Strampe

A. du Plessis, Dekanskantoor, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat
A. Strampe, Departement Handelsreg, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Maatskaplik verantwoordbare belegging, of MVB, kan beskryf word as investering wat, gesien met verwysing na die bedrywighede van 'n maatskappy, beskou kan word as verantwoordelik teenoor die samelewing in die breë. Veral in die lig van klimaatsverandering en die sterk klem op omgewingsvriendelikheid is beleggers deesdae veel gevoeliger vir die invloed wat maatskappye op hul omringende omgewing het. Beleggers laat hulle oënskynlik in hul beleggingsbesluite lei deur 'n maatskappy se sogenaamde volhoubaarheid. In Suid-Afrika is die MVB-indeks van die JSE Beperk 'n metingsinstrument wat beleggers 'n blik bied op 'n maatskappy, die manier waarop hy sake doen, sy volhoubaarheid en sy volhoubaarheidsverslagdoening. Die indeks is tot stand gebring in antwoord op die King-kodes oor korporatiewe bestuur, in die besonder King II en III, wat onder meer aanbevelings bevat oor geïntegreerde verslagdoening in verband met volhoubaarheidsake. Hierdie artikel ondersoek eerstens die begrip *geïntegreerde verslagdoening*, waarna die ontwikkeling, maatstawwe en werking van die MVB-indeks aan die beurt kom. Die skrywers kom tot die gevolgtrekking dat die sorgvuldige beplanning, weldeurdagte maatstawwe en deeglike beoordeling van die indeks dit 'n belangrike instrument ter bevordering van volhoubaarheid maak. Tog is daar ook twee besondere uitdagings. Eerstens is dit belangrik dat maatskappye moet beseft dat die indeks nie bedoel is om hulself in die gunstigste moontlike lig te probeer stel nie, maar eerder om waarlik te weerspieël wat hulle doen om klimaatsverandering te stuit en te temper. Tweedens moet verdere navorsing onderneem word oor die werklike impak van die indeks op beleggingsbesluite en of beleggers inderdaad volhoubaarheid as een van die bepalende faktore in hul beleggingsbesluite in ag neem. Die uiteindelige oogmerk is egter dat inisiatiewe soos die MVB-indeks voortaan 'n beduidende bydrae sal lewer tot die skep van 'n balans tussen volhoubare groei en ontwikkeling en die winsgewendheid van 'n maatskappy, binne die nie-onderhandelbare grense van die planeet. Laastens word hervorming van en wysigings aan die Maatskappywet, 2008 bepleit ten einde breër omgewingsverwante kwessies as deel van volhoubaarheid te akkommodeer.

Trefwoorde: King-kode oor korporatiewe bestuur; klimaatsverandering; korporatiewe bestuur; maatskaplik verantwoordbare belegging; MVB; Maatskappywet; volhoubaarheid

Abstract

The South African socially responsible investment index and climate change – lessons for the future?

This article examines socially responsible investment (SRI) in South Africa in the broad context of corporate governance and relevant legislative provisions. SRI conceptualises ethical, green and sustainable considerations when investment decisions are made. SRI strives to promote environmental responsibility, consumer protection and human rights as well as corporate conduct that serve these broad ideals. Although relatively new, SRI is becoming increasingly important to companies. In the light of climate change and other environmental issues investors are watching companies more closely and want to know how companies impact the broader society, the environment and their own employees. Companies should also realise that SRI, together with sustainability, will benefit the company itself, the environment and the broader community.

The JSE Ltd is the largest stock exchange in Africa and was the first to create an SRI index in an emerging market economy. The JSE Ltd SRI index is a sustainability index. It measures the standard of sustainability reporting of a company against that of other participating companies. It also gives investors a transparent view of the company and the way business is conducted. This information, contained in an integrated report is an important tool to indicate possible future risk of liability to which a company may be exposed. Information on a company's environmental impact and practices may show possible financial liability in terms of environmental legislation.

The JSE Ltd SRI index promotes the corporate governance regime envisaged by the most recent King code of corporate governance. This code, King III, which came into force on 1 March 2010, is applicable to all companies, private and public entities and all other forms of business enterprises. The SRI index is an extension of the compliance and monitoring of obligations on companies in terms of corporate governance codes and legislation, with specific reference to the Companies Act. Two important aspects are highlighted: firstly, the increasing roll of corporate governance and the influence of King III on legislation and the legal environment, and secondly, the indirect enforcement mechanism of corporate governance with specific reference to company law. Concepts originally enunciated in King III are now also incorporated in the Companies Act. King III strongly highlighted the importance of a company's corporate citizenship and how it relates to the entity's performance in the economic, social and environmental sphere. The social and ethics committee as one of the board committees prescribed by the Companies Act is a direct incorporation of this ethical and social role of the company. In terms of section 72(4) of the Companies Act the Minister may, by regulation, prescribe that all listed companies, subject to specific exceptions, must appoint a social and ethics committee. This committee is specifically tasked with overseeing company activities and giving guidance on various matters. This must be done within the context of any relevant legislation, other legal requirements and current corporate governance codes. Listed companies are therefore bound by the principles in King III, either because it is required by the listing requirements of the JSE Ltd or because their social and ethics committees must ensure compliance with current governance codes. The social and ethics committee is also obliged to ensure compliance with environmental legislation.

The JSE Ltd SRI index, launched in May 2004, was based on the United Kingdom's FTSE4Good Index, but designers had to adapt the index to suit the South African context. Key features of the index include the alignment with global standards while reflecting the complex nature of social responsibility in South Africa. The SRI index is constantly evolving its criteria to reflect the continuous development of both the concepts and practices of SRI and sustainability and to balance the criteria with the global benchmarks. Companies are subject to an annual review of their policies, management systems and performance, and reporting. In 2009 the JSE Ltd conducted a strategic review of the index with the participation of different stakeholders. New criteria were set out and the collection of data was improved. The premise is that the index will continue to evolve and additional criteria may be introduced.

In 2010 a new criterion was introduced: companies are now also evaluated on their managing of and reporting on efforts to reduce carbon emissions and to deal with the anticipated effects of climate change. This illustrates the recognition of the fundamental importance of environmental sustainability for continued profitability. Companies are assessed on each of the four main criteria based on policy, management/performance and reporting and consultation. When looking at the environment as a norm of measurement, the criteria focus on addressing all key environmental issues of the company and working towards environmental sustainability.

Companies listed on the SRI index and companies who wish to be listed on the index in subsequent years are subject to an annual review for possible inclusion on the index. The annual review begins in May each year with a process of data collection which must then be completed by September. Ethical Investment Research Services (EIRIS) reviews all available information, including data collected from company websites, annual reports, etc. A company-specific profile is compiled by assessing this information against the SRI criteria. The company then reviews its profile and may comment on it. Companies that meet the minimum core and desirable criteria, as well as the reporting requirements, will be included in the index. An advisory committee is appointed by the JSE Ltd, but operates independently of it. The committee is responsible for overseeing the review process and to advise the JSE Ltd on possible changes. The final decision on which companies are to be included in the index, however, rests with the JSE Ltd. Members of the committee include experts on social responsibility and sustainability, independent investment professionals, academics and listed companies. They are representatives of the financial services industry and the economic community generally and do not represent any specific employer.

Considering whether the JSE Ltd's SRI index makes a meaningful contribution towards sustainability, it should be said that the index was carefully planned, the criteria were well formulated and the review process is done in a transparent manner. Companies are encouraged to give attention to integrated reporting. The JSE Ltd is constantly assessing and developing the SRI index. It seems that the JSE Ltd appreciates the importance of climate change in the wider context of sustainability and environmental protection. This is clear from the inclusion of this important issue as a focus area and one of the criteria for inclusion of companies on the index. Climate change remains one of the great challenges of environmental protection, and integrating this in the decision-making process of companies and investors remains problematic.

The article also discusses the 2011 study undertaken by the JSE Ltd to determine the way in which South African companies operationally and strategically address climate change. The top 40 largest companies on the JSE Ltd were reviewed, and it was found that 38% complied with the core indicators and most desired indicators set out in the index. Some 35% companies complied with only the core indicators. Unfortunately the study showed that there are still 25% of companies that have not adopted any policy on curbing climate change.

Three aspects specifically highlighted as important lessons for the future are the following: tasking senior management with responsibility for climate change, disclosure of information regarding climate change and the environmental impact of the company's activities, and determining specific climate change objectives. The reputational impact of these issues for companies is also important drivers of change in this regard.

Perhaps it is too early to draw a conclusion regarding the success of SRI. Further empirical research should be done to show the impact of SRI on the decisions of institutional investors. However, it is hoped that initiatives such as SRI will meaningfully contribute to creating a balance between sustainable development and company profitability within the non-negotiable environmental boundaries of the planet.

What is clear from this discussion is that the SRI index supports various legislative and other provisions. The workings and duties of a company's social and ethics committee is narrowly intertwined with elements to be used for measuring improvement. Indirectly it ensures the compliance function of the committee because the index measures corresponding elements. Although climate change does not specifically form part of the review mandate of the social and ethics committee, the operation of King III, responsible environmental practices and environmental legislation will ensure that this critical aspect of sustainability will in future receive the attention it needs so much.

Keywords: climate change; code on corporate governance; Companies Act; corporate governance; socially responsible investment; sustainability

1. Maatskaplik verantwoordbare belegging (MVB) en die indeks van die JSE Beperk

Hierdie artikel ondersoek maatskaplik verantwoordbare belegging (MVB) in Suid-Afrika binne die breër verband daarvan met korporatiewe bestuur en relevante wetgewende bepalings. MVB het te doen met volhoubare, "groen" of etiese maatskaplik-bewuste beleggings wat by die neem van beleggingsbesluite oorweging skenk aan sowel finansiële as sosiale of maatskaplike welvaart. MVB poog om in die breër sin daarvan rentmeesterskap van die omgewing, menseregte en verbruikersbeskerming in die hand te werk. Dit probeer ook korporatiewe praktyke beklemtoon wat hierdie elemente nastreef. Tesame met gemeenskapsbelegging en aandeelhouersaktiwisme word die klem geplaas op sosiale geregtigheid, die omgewing en goeie korporatiewe bestuur.¹ Hierdie elemente of begrippe van MVB is onontbeerlik vir langtermynwaarde in maatskappye en beleggings wat volhoubare opbrengste vir aandeelhouers lewer. Die JSE Beperk is die grootste effektebeurs in Afrika en was die eerste effektebeurs wat 'n MVB-indeks in 'n ontluikende markeconomie

geskep het. Hoewel nog betreklik nuut, word MVB al hoe belangriker vir maatskappye. Veral in die lig van klimaatsverandering en omgewingskwessies hou beleggers maatskappye al hoe fyner dop en wil hulle weet watter invloed maatskappye op hul eie werknemers, ander belanghebbendes, die breër samelewing en die omgewing het.

Die MVB-indeks is 'n volhoubaarheidsindeks wat die standaard van 'n maatskappy² se volhoubaarheidsverslagdoening in vergelyking met dié van ander deelnemende maatskappye meet.³ Boonop bied dit beleggers 'n deursigtige blik op sowel die maatskappy as die wyse waarop dit bedryf en bestuur word. MVB beskik ook oor inherente eienskappe. Dit kan spanning veroorsaak tussen kwessies soos die omgewing, sosiale en maatskaplike belegging en verantwoordelikheid aan die een kant en winsgewendheid aan die ander kant.

Maatskappye moet beseft dat MVB tot die gesamentlike voordeel van die onderneming, die omgewing en die breër samelewing kan lei. Die MVB-indeks bevorder ook die korporatiewe bestuursregime wat in die jongste King-kode oor korporatiewe bestuur in die vooruitsig gestel word. Hierdie kode, wat as King III bekend staan en op 1 Maart 2010 in werking getree het, geld vir alle maatskappye, privaat en openbare entiteite en alle ander van ondernemingsvorme.⁴ Hierdie indeks is dus 'n verlengstuk van voldoening aan en monitering van bestaande verpligtinge wat maatskappye ingevolge korporatiewe bestuurskodes⁵ en wetgewing, met spesifieke verwysing na die Maatskappywet,⁶ het.

In wat volg, word eerstens ondersoek presies wat geïntegreerde verslagdoening behels en hoe dit met volhoubaarheid verband hou. Tweedens word 'n kort oorsig oor die geskiedenis en ontwikkeling van die MVB-indeks voorgehou, waarna die maatstawwe en werking van die indeks ontleed word. Laastens volg 'n gevolgtrekking oor watter beduidende bydrae, indien enige, die MVB-indeks tot die groter konsep van volhoubaarheid kan lewer. Die wisselwerking tussen hierdie inisiatief en die regulerende omgewing waarbinne dit funksioneer, word deurlopend oorweeg.

2. Volhoubaarheid en geïntegreerde verslagdoening

Die kwessie van volhoubaarheid as oorhoofse beleidstrategie in die bedryfsfeer van maatskappye het die afgelope tyd al hoe meer tersaaklik geword. Gevolglik word verslagdoening oor volhoubaarheid eweneens al hoe belangriker.

Volhoubaarheid is nie kwantifiseerbaar nie en is daarom tradisioneel nie deel van 'n maatskappy se balansstaat nie. Dít beteken egter nie dat volhoubaarheid geen invloed op 'n maatskappy se markwaarde het nie. 'n Maatskappy se volhoubaarheid kan op 'n soortgelyke wyse benader word as, en hou trouens ten nouste verband met, 'n maatskappy se reputasie. Die ontploffing van die Deepwater Horizon-olieboor op 20 April 2010 dien as 'n voorbeeld van hierdie wisselwerking tussen korporatiewe of maatskappyreputasie en maatskappye se volhoubaarheidstrategieë. BP Petroleum PLC (voortaan BP) het die Deepwater Horizon olieboor gehuur om olievelde in die Golf van Meksiko te ontdek en olie te ontgin.⁷ Na die katastrofiese ontploffing het daar daagliks tussen 40 000 en 60 000 vate olie in die Meksikaanse golf ingespoel met 'n verwoestende uitwerking op die seelewe en aangrensende kusgebiede.⁸ By nadere ondersoek het dit geblyk dat die maatskappy se

deurlopende verwaarlosing van en ongeërgdheid teenoor werknemerveiligheid en omgewingstandaarde 'n bydraende faktor was in die omstandighede wat tot hierdie omgewingstragedie gelei het.⁹ Dit het in skille kontras gestaan met die openbare beeld wat die maatskappy tot in daardie stadium geskep en voorgehou het. In die aanloop tot die katastrofe het BP bemarkings- en advertensieveldtogte geloods wat dit uitgebeeld het as 'n "groen" maatskappy wat omgewingsvriendelike praktyke en alternatiewe, langtermyn-energiestrategieë steun. Ter staving hiervan is aansienlike finansiële steun aan die ontwikkeling en navorsing van alternatiewe energiebronne gegee. BP was bestempel as 'n leier op die gebied van korporatiewe sosiale verantwoordelikheid. Dit was 'n uiters suksesvolle strategie en BP het gegroei tot een van die tien mees winsgewende multinasionale maatskappye ter wêreld.

Die aandeelprys van BP-aandele het voor die ongeluk (op 20 April 2010) teen \$60,57 op die New York Effektebeurs verhandel. Op 25 Junie 2010 (twee maande daarna) het die aandeelprys teruggesak tot \$27,02.¹⁰ Dit het dus in die twee maande na die ontploffing op die olieboor ongeveer 54% in waarde verloor.¹¹ Daar kan wel, en tereg, geargumenteer word dat hierdie onmiddellike verlies in markwaarde ten nouste verband gehou het met beleggers se kommer oor die moontlike ekonomiese en finansiële impak wat die toekomstige skadevergoedingseise, die opruim- en rehabilitasiekoste van die omgewing, en ander uitgawes op die maatskappy se finansiële posisie en winsgewendheid sou hê. Die ooglopende gevolgtrekking waartoe hieruit gekom kan word, is dus dat maatskappye duur lesse sal moet leer indien hulle versuim om veiligheid, omgewingsverantwoordelikheid en goeie korporatiewe bestuur in die bedryf van hul besigheid voorop te stel.

Die wisselwerking tussen die maatskappy se reputasie, volhoubaarheid en MVB word egter die duidelikste toegelig deur die reaksie van verbruikers op die ongeluk in die Golf van Meksiko. 'n Wydverspreide verbruikersboikot¹² van BP vulstasies in die VSA het gevolg as direkte uitvloeisel van die algemene ontevredenheid met die oliereus se optrede, die publisiteit rakende die oorsake van die ongeluk en uiteindelik die reaksie van die maatskappy daarop. Ironies genoeg besit of bestuur die BP-maatskappy nie self die BP-vulstasies in die VSA nie. Hierdie vulstasies is in privaatbesit.¹³ Dit is dus klinkklare bewys van die direkte invloed van 'n maatskappy se vermeende reputasie op beleggers- en verbruikersoptrede en dat omgewingsverantwoordelikheid in beleggingsbesluite verdiskonteer word.

Dit is duidelik dat beleggers eenvoudig nie meer net in 'n maatskappy se finansiële state belangstel nie, maar 'n meer omvattende prentjie wil hê van wat 'n maatskappy op 'n daaglikse grondslag doen om, onder andere, omgewingsvolhoubaarheid te verseker. Daarom is daar 'n toenemende behoefte onder beleggers om ingelig te word oor hoe die maatskappy en sy bedrywighede in die praktyk die omgewing beïnvloed. Beleggers en belanghebbendes verlang dus al hoe meer inligting oor maatskappye se prestasie aan die hand van die driedubbele basislyn: mense, die planeet en wins.¹⁴ Hierdie inligting, vervat in 'n geïntegreerde volhoubaarheidsverslag, is ook 'n belangrike instrument om moontlike toekomstige aanspreeklikheidsrisiko waaraan die maatskappy blootgestel is, te bepaal. Byvoorbeeld, inligting oor 'n maatskappy se impak op die omgewing en bestuurspraktyke kan op moontlike finansiële aanspreeklikheid ingevolge omgewingswetgewing dui. Hierdie tipe aanspreeklikheid kan volg uit oortredings van onder andere die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur.¹⁵ Ingevolge hierdie wet het maatskappye 'n sorgsaamheidsplig teenoor

die omgewing, asook 'n verpligting om omgewingskade wat deur sy bedrywighede veroorsaak is, reg te stel en te rehabiliteer.¹⁶ Die rehabilitasie of beperking van omgewingskade, asook moontlike strafsanksies vir die versuim om die verpligting na te kom, kan beduidende finansiële risiko inhou. Dit kan gevolglik weer beleggingsbesluite beïnvloed. Beleggers wat ingeligte besluite omtrent bestaande en potensiële aanspreeklikheidsrisiko moet neem, benodig derhalwe voldoende inligting. Soos blyk uit die bespreking hier onder, vereis die Suid-Afrikaanse kodes ten opsigte van korporatiewe bestuur dat daar deur middel van geïntegreerde verslagdoening aan hierdie behoefte aan inligting voldoen word.

3. Korporatiewe bestuur en relevante wetgewing in Suid-Afrika en verslagdoening in die breë

Suid-Afrika se korporatiewe bestuursregime vergelyk gunstig met dié van die mees ontwikkelde ekonomieë.¹⁷ Die veranderinge wat in onlangse jare aan die Suid-Afrikaanse raamwerk vir korporatiewe bestuur aangebring is, sluit in internasionaal aanvaarde rekeningkundige standaarde, streng oornome- en samesmeltingsprosedures, die bevordering van aandeelhoudersaktiwisme, bepalings oor binnehandel, die manipulasie van markte, en dies meer.¹⁸ Onder meer is die toesigmaatreeë in die Maatskappywet 71 van 2008 (asook dié in die vorige Maatskappywet 61 van 1973) deur die derde King-kode oor korporatiewe bestuur (King III) beduidend verbreed,¹⁹ wat voldoening op 'n "pas toe of verduidelik"-grondslag meet.²⁰ Dit wil sê, King III is 'n regulerende kode van beginsels en praktyke wat nie in wetgewing vervat is nie. Dit is gevolglik nie afdwingbaar nie behoudens enige oorfleuelende bepalings wat wel in wetgewing vervat is.²¹ Insgelyks is daar geen strafbepalings vir nienakoming van die beginsels van King III op sigself nie. Vir sover dit egter genoteerde maatskappye betref, vereis die noteringsvereistes van die JSE Beperk voldoening aan King III en is nakoming vir hierdie maatskappye dus verpligtend.²²

King III weerspieël 'n verskuiwing weg van die "voldoen of verduidelik"-grondslag wat in King I en King II gevolg is. Ingevolge King III se meer genuanseerde "pas toe of verduidelik"-benadering tot korporatiewe bestuur moet alle entiteite die wyse waarop die bestuursbeginsels *toegepas* word, openbaar maak. Sou die direksie egter van mening wees dat 'n ander beleid meer bevorderlik sou wees vir 'n bepaalde maatskappy se belange, staan dit daardie maatskappy vry om so 'n alternatiewe beleid te volg, maar die redes vir sodanige afwyking moet dan verduidelik word.²³ Die oogmerk met hierdie openbaarmaking is om belanghebbendes in staat te stel om ingeligte besluite oor die vlak en gehalte van korporatiewe bestuur in 'n betrokke maatskappy te neem.²⁴ In hierdie konteks verwys *belanghebbendes* nie bloot na aandeelhouders nie, maar word daarby ook krediteure, verskaffers, werknemers, institusionele beleggers, die breë gemeenskap en voornemende beleggers ingesluit.²⁵

Dit is duidelik dat hierdie geïntegreerde verslagdoening en korporatiewe bestuursbeginsels as deel van 'n maatskappy se strategiese plasing 'n integrale rol by die bevordering van 'n maatskappy se volhoubaarheid speel. Nietemin is dit belangrik om volhoubaarheid nie slegs in die ekonomiese konteks daarvan te sien nie, maar dat 'n maatskappy se bydrae tot 'n wyer strategie van omgewingsbewaring en -verantwoordelikheid – veral ten opsigte van klimaatsverandering – in die begrip *volhoubaarheid* omvat word.²⁶

Hoofstuk 9 van King III handel oor geïntegreerde volhoubaarheidsverslagdoening en -openbaarmaking. Dit bevorder deursigtige kommunikasie met belanghebbendes oor alle wesenlike kwessies wat die maatskappy raak en sluit alle prestasiegebiede (ook maatskaplike en omgewingsprestasie) in.²⁷ Geïntegreerde verslagdoening beteken daarom letterlik 'n samevoeging van maatskaplike, omgewings- en volhoubaarheidsinligting aan die een kant en alle ander aspekte van die maatskappy se werkzaamhede of bedrywighede aan die ander kant.²⁸ Geïntegreerde volhoubaarheidsverslae moet as deel van 'n maatskappy se formele verslagdoeningsproses behandel word en moet op minstens 'n jaarlikse grondslag voorberei word.²⁹

Die belang van volhoubaarheidsverslagdoening en -openbaarmaking word voorts beklemtoon deur die bepaling in Beginsel 9.3 van King III dat daar 'n onafhanklike versekering moet wees ten opsigte van die juistheid en volledigheid van volhoubaarheidsverslagdoening. Die maatskappy se ouditkomitee speel hier 'n belangrike rol, veral ten opsigte van die evaluering van die verslag, maar die direksie dra die verantwoordelikheid vir die juistheid en volledigheid van die volhoubaarheidsverslag. Een van die oogmerke van die Maatskappywet is om die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie te bevorder deur deursigtigheid en hoë standaarde van korporatiewe bestuur aan te moedig.³⁰ Die klem wat King III op deursigtigheid lê, sluit dan juis aan by hierdie oogmerk en versterk en bevorder die gees en oogmerke van die Maatskappywet.

Suid-Afrika is die eerste land wat geïntegreerde verslagdoening vir alle genoteerde maatskappye aangemoedig het. King III verklaar die begrip *geïntegreerde verslag* soos volg:

Die geïntegreerde verslag behoort ... oor voldoende inligting te beskik om te toon hoe die maatskappy die ekonomiese lewe van die gemeenskap waarin dit funksioneer, positief sowel as negatief beïnvloed het gedurende die oorsigjaar, welke inligting gewoonlik onder omgewings-, maatskaplike en bestuurskwessies ingedeel word. Voorts behoort dit verslag te doen oor hoe die direksie meen die maatskappy in die volgende jaar op die positiewe aspekte kan verbeter en die negatiewe aspekte kan uitskakel of temper.³¹

Volhoubaarheidsverslae word dus opgestel as 'n instrument wat waarde toevoeg tot die breër verslagdoeningsproses van maatskappye wat ingevolge die Maatskappywet voorgeskryf word.³² Dit bevat 'n weerspieëling van die maatskappyaktiwiteite wat 'n ekonomiese, maatskaplike en omgewingsimpak het.

Die Instituut vir Direkteure in Suider-Afrika is 'n geregistreerde vereniging sonder winsbejag wat daarna streef om individue wat oor bestuurspligte beskik, te ondersteun en te ontwikkel. Die instituut het kommer uitgespreek dat hierdie volhoubaarheidsverslae vir sommige maatskappye 'n te duur en ingewikkelde taak sou wees. Mervyn King, die skrywer van die King-kodes, het egter dié bekommernisse van die tafel gevee.³³ Hy voer aan dat maatskappye nie agter verskonings moet skuil nie, maar geïntegreerde verslagdoening in 'n ernstige lig moet beskou. Die administratiewe las wat met die opstel van die verslag gepaardgaan, ontlok ook verdere negatiewe reaksie.³⁴ Die onderhawige bespreking fokus egter op die JSE Beperk se MVB-indeks. Derhalwe is hierdie kommer misplaas. Maatskappye wat op die JSE Beperk genoteer is, beskik noodwendig oor die vermoë om op 'n sinvolle wyse aan die vereiste van samestelling van volhoubaarheidsverslae te voldoen en

op 'n geïntegreerde wyse verslag te doen. Die bykomende kostefaktor van voldoening sal kwalik onbekostigbaar wees vir maatskappye wat reeds aan die uitgebreide verslagdoeningsvereistes van die Maatskappywet en die Beurs moet voldoen en dus reeds oor die finansiële en menslike hulpbronne beskik om volhoubaarheidsverslae te lewer.

Sommige maatskappye vrees dat deursigtigheid en openheid hul reputasie skade kan berokken. Dit sou moontlik lei tot 'n onwilligheid om onthullings oor operasionele en strategiese aspekte van maatskappybeleide te maak. Maatskappye was egter oor die algemeen bereid om besonderhede van hul bestuurs- en bedryfspraktyke te onthul. Die 100 grootste maatskappye wat op die JSE Beperk genoteer is, is onlangs ondersoek³⁵ en die uitslae was positief.³⁶ Die gehalte en gereeldheid van verslagdoening was beduidend hoër as dié in ontwikkelde ekonomieë.³⁷

Die verwagting is dus dat genoteerde maatskappye hul verantwoordelikhede teenoor belanghebbendes ernstig sal opneem. Dit val saam met die tendens waarvolgens belangegroeppe, asook die internasionale gemeenskap, voortdurend druk op maatskappye uitoefen om meer verantwoordelike burgers te wees.³⁸

Twee belangrike punte vereis hier verdere toeligting: eerstens die toenemende rol van korporatiewe bestuur en die gepaardgaande invloed van King III op wetgewing en die regsomgewing, en tweedens die indirekte afdwingingsmeganisme van korporatiewe bestuur met spesifieke verwysing na die maatskappyereg. In die afgelope tyd het die invloed van korporatiewe bestuur op die breër regsomgewing uitgebrei. Ten opsigte van die maatskappyereg word hierdie stelling byvoorbeeld gestaaf deur voorsienings wat oorspronklik in die King-kodes vervat is en nou ook in die Maatskappywet gestalte gekry het.³⁹ King III het die konsep van 'n maatskappy se etiese korporatiewe burgerskap sterk beklemtoon en dit skakel in by die entiteit se prestasies in die ekonomiese, maatskaplike en omgewingsfeer.⁴⁰ Hierdie etiese en sosiale rol van die maatskappy word direk vervat in die maatskaplike en etiese komitee wat as een van die direksiekomitees in die Maatskappywet⁴¹ voorsien word. Soos deur die Maatskappywet gemagtig,⁴² het die minister per regulasie afgekondig dat alle genoteerde maatskappye,⁴³ behoudens bepaalde uitsonderings, 'n maatskaplike en etiese komitee moet aanstel.⁴⁴ Hierdie ontwikkeling kan dus beskou word as 'n uitbreiding van goeie korporatiewe bestuurspraktyke en 'n uitvloeisel van aanbevelings wat oorspronklik in King III vervat is.

Soos hier bo genoem, is King III op sigself nie afdwingbaar nie, behoudens enige oorvleuelende bepalings wat in wetgewing vervat is. Daar word egter op 'n indirekte wyse in wetgewing voorsiening gemaak vir afdwinging van korporatiewe bestuurskodes. In die Maatskappywet word dit as een van die oogmerke van die wet gestel dat ekonomiese ontwikkeling deur deursigtigheid en hoë standaarde van korporatiewe bestuur bevorder moet word.⁴⁵

Meer tasbaar is egter die bepalings wat handel oor die maatskaplike en etiese komitee en die wyse waarop die instelling van hierdie komitee die werking van die maatskappy beïnvloed. Hierdie komitee het die spesifieke taak⁴⁶ om die maatskappy se aktiwiteite na te gaan en leiding oor 'n verskeidenheid aangeleenthede te gee. Dit moet gedoen word binne die konteks van enige tersaaklike wetgewing, ander regsvereiste en geldende gedragskodes. Vir die doeleindes van hierdie bespreking oor korporatiewe bestuur,

volhoubare verslagdoening en omgewingskwessies word slegs sekere van die aangeleenthede waaraan die komitee moet aandag gee, uitgelig.

Die maatskappy se posisie en vordering ten opsigte van die tien beginsels soos vervat in die Verenigde Nasies se Globale Verdrag⁴⁷ moet deur die maatskaplike en etiese komitee nagegaan word as deel van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling. Beginsels 7 tot 10 van die verdrag handel spesifiek oor omgewingsake en die uitdagings wat dit stel.⁴⁸ Dit sluit direk aan by 'n verdere verpligting van die komitee, naamlik om sowel die maatskappy se aktiwiteite as die impak daarvan met inagneming van die omgewing te kontroleer. Die komitee moet nie slegs aangeleenthede wat hierop betrekking het, onder die direksie se aandag bring nie, maar moet ook op die algemene jaarvergadering aan die aandeelhouders verslag doen oor enige saak wat binne die breë mandaat van die komitee val.

Indien die wetgewende konteks waarbinne genoteerde maatskappye funksioneer dus oorweeg word, is dit duidelik dat hierdie tipe maatskappye desnoods aan die bepalings van King III moet voldoen, enersyds omdat die noteringsvereistes van die JSE Beperk dit vereis en andersyds omdat hul maatskaplike en etiese komitees voldoening aan geldende gedragskodes moet verseker.

Die maatskaplike en etiese komitee se verpligtinge sluit dus ook nakoming van omgewingswetgewing in. Dit beteken dat die komitee kennis moet neem van die maatskappy se voldoening aan en moontlike aanspreeklikheid ingevolge byvoorbeeld die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur. Die oogmerke van die JSE Beperk se MVB-indeks, King III, geïntegreerde verslagdoening en die Maatskappywet word ook in die onderliggende beginsels van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur beklemtoon. Artikel 2(3) bepaal spesifiek dat ontwikkeling maatskaplik, omgewingskundig en ekonomies volhoubaar moet wees.

Vervolgens word gefokus op die JSE Beperk se MVB-indeks as medium vir en instrument van die verspreiding van die nodige inligting oor maatskappye se volhoubaarheidstrategieë in die breë, maar ook ten opsigte van belangrike omgewingsaangeleenthede.

4. Geskiedenis, ontwikkeling en werking van die MVB-indeks

Die MVB-indeks van die JSE Beperk, wat in Mei 2004 van stapel gestuur is, is 'n instrument wat beleggers en maatskappye die geleentheid bied om volhoubaarheid ernstig op te neem.⁴⁹ Die MVB-indeks is 'n nuutjie vir ontluikende ekonomieë, en is 'n wêreldleier in die aanmoediging van breedgebaseerde volhoubaarheidspraktyke deur maatskappye.⁵⁰ Dit is verder gerig op die toenemende gebruik dat maatskappye se omgewings-, maatskaplike en korporatiewe bestuursbeleide in beleggingsbesluite geïnkorporeer en verdiskonteer word. Plaaslike maatskappye konsentreer meestal op korporatiewe maatskaplike belegging wat 'n meer onmiddellike rol in Suid-Afrikaanse gemeenskappe speel, aangesien die behoefte aan hulp oor die volle spektrum heen so groot is. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die wyse waarop Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) in Suid-Afrika geweeg word.⁵¹ Een van die elemente op die telkaart van breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging waarmee 'n maatskappy se SEB-telling bepaal word, is maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling. Hierdie sogenaamde SEB-telling, wat bepaal word deur die maatskappy se voldoening aan 'n aantal

elemente⁵² te meet, speel 'n toenemend belangrike rol in die volhoubare kommersiële en finansiële sukses van 'n maatskappy. Deur hul bydraes tot korporatiewe maatskaplike belegging verhoog maatskappye dus hul SEB-telling, wat 'n kritieke rol in die voortgesette en volhoubare handelsukses van die maatskappy speel.⁵³ Die MVB-indeks speel dus 'n belangrike rol in die debat oor die betekenis van volhoubaarheid in Suid-Afrikaanse verband.

Ironies genoeg was Suid-Afrika se berugte apartheidsregering van die 1970's en 1980's 'n kernfaktor in die ontwikkeling van MVB,⁵⁴ in die sin dat internasionale maatskappye op grond van morele en etiese kwessies aangemoedig is om nie sake met en in Suid-Afrika te doen nie. 'n Meer onlangse voorbeeld van die rol wat MVB speel, is die burgeroorlog – en volksmoord – in die Darfoer-provinsie van Soedan. Die VSA het in 2007 die Sudan Accountability and Divestment Act geproklameer wat steun verleen het aan die vrywillige disinvesteringsbesluite van deelstate en maatskappye wat hulle onttrek het aan buitelandse maatskappye wat betrokke was by handelsaktiwiteite in vier sleutel ekonomiese sektore in die Soedan, naamlik elektrisiteitsvoorsiening, mineraalwinning, olieverwante aktiwiteite en die vervaardiging van militêre toerusting.⁵⁵ Hierdie wet het ook 'n “veilige hawe”-bepaling bevat. Hiervolgens is beskerming verleen aan beleggingsmaatskappye wat van hierdie soort maatskappye onttrek het, teen hofsake wat uitsluitlik gebaseer was op die besluite om te disinvesteer, of beleggings te vermy in maatskappye waarvan die sekuriteite uitgereik is deur persone wat handel gedryf het met, of direkte beleggings gehad het in, ondernemings wat deur die wet geïdentifiseer is. Hierdie beskerming was egter voorwaardelik en beleggingsmaatskappye moes eers die nodige openbaarmakings ingevolge die wet doen om vir sodanige beskerming te kwalifiseer. Die wet het egter verder beoog om die regeringsagentskappe te verhoed om kontrakte met maatskappye wat in sekere sektore handel gedryf het in die Soedan te sluit.⁵⁶

Wins en suiwer finansiële vergoeding of rendement op investering moes dus terugstaan en maatskaplike belegging het na vore getree.⁵⁷ Meer onlangs, in Suid-Afrika, het die tweede King-kode oor korporatiewe bestuur (King II) wat in 2002 uitgereik is, maatskappye reeds aangemoedig om hul sakepraktyke op grond van die driedubbele basislyn te ontwikkel, terwyl winsgewende opbrengste vir hul aandeelhouders geskep word. Die JSE Beperk het die MVB-indeks bekendgestel, hoofsaaklik in antwoord op King II. Die hoofdoelstellings van die indeks is om:

- daardie JSE Beperk-genoteerde maatskappye uit te wys wat die beginsels van die driedubbele basislyn en goeie bestuur by hul sake-aktiwiteite integreer
- 'n instrument te voorsien vir 'n breë, holistiese beoordeling van maatskappybeleid en -praktyke aan die hand van standarde vir korporatiewe verantwoordbaarheid wat in pas is met internasionale en plaaslik relevante praktyk
- as fasiliteringswerktuig van verantwoordelike belegging te dien vir beleggers wat op soek is na niefinansiële risikoveranderlikes om by beleggingsbesluite in te sluit, aangesien sulke risiko's 'n beduidende finansiële impak kan hê
- tot die ontwikkeling van verantwoordelike sakepraktyke binne en buite Suid-Afrika by te dra.⁵⁸

Die JSE Beperk se MVB-indeks is geskoei op die Verenigde Koninkryk se FTSE4Good Index, maar die opstellers van die Suid-Afrikaanse indeks moes die Verenigde Koninkryk-konsep wysig om by die Suid-Afrikaanse konteks te pas.⁵⁹ Sleutelkenmerke van die indeks sluit in die voldoening aan internasionale standaarde, hoewel dit steeds die ingewikkelde aard van maatskaplike verantwoordelikheid eie aan Suid-Afrika weerspieël. Die maatstawwe van die MVB-indeks verander voortdurend om die voortgesette ontwikkeling van sowel die konsepte as praktyke van MVB en volhoubaarheid weer te gee en om die maatstawwe met internasionale merkers te balanseer. Maatskappye word ook aan 'n jaarlikse hersiening van hul beleid, bestuurstelsels en verslagdoening onderwerp.⁶⁰

Daarbenewens is maatskappye onderworpe aan die reëls wat die FTSE/JSE Beperk se alle-aandele-indeks onderlê. Maatskappye wat in aanmerking kom, word hierná beoordeel aan die hand van die maatstawwe vir MVB, wat ingedeel is in kategorieë wat met die omgewing, samelewing en bestuurs- en verwante volhoubaarheidskwessies te doen het. Die maatstawwe lê 'n bepaalde, vereiste drumpel neer om vir insluiting by die MVB-indeks in aanmerking te kom. Vryswewende markkapitalisasie, dit wil sê die aandeleprys vermenigvuldig met die getal aandele wat gereedlik in die mark beskikbaar is,⁶¹ word gebruik om die indeks op dieselfde grondslag as die alle-aandele-indeks te bedryf.⁶²

Insluiting by of uitsluiting van die MVB-indeks word nie bepaal deur die spesifieke bedryf of sektor waarin maatskappye funksioneer nie. Maatskappye wat nie in aanmerking kom nie, word nie in die indeks gepubliseer nie, en die JSE Beperk dui nie aan hoe maatskappye in vergelyking met mekaar daar uitsien nie. Deelname aan die eerste rondes van die indeks (tot en met die jaar 2005/6) was vrywillig. Lede van die FTSE/JSE Beperk Top 40-indeks, asook lede van die vorige jaar se MVB-indeks wat deel uitmaak van die alle-aandele-indeks, word sedert 2007 outomaties beoordeel. Maatskappye wat op die "mid cap"-indeks genoteer is – 'n markkapitalisasie-ranglys wat saam met die Alsi40-indeks die voorste 100 maatskappye op die JSE Beperk uitmaak – is in 2008 bygevoeg, terwyl die res van die maatskappye op die alle-aandele-indeks jaarliks genooi word om hulle vir beoordeling beskikbaar te stel. Gemiddeld 75% van deelnemende maatskappye haal gereeld die indeks. Meer onlangs word 'n toename in deelname deur middelslag- en kleiner maatskappye waargeneem, maar die indeks bestaan hoofsaaklik steeds uit Top 40-lede van die JSE Beperk.

Die JSE Beperk het in 2009, in samewerking met verskillende belanghebbendes, 'n strategiese hersiening van die indeks onderneem. Nuwe maatstawwe is bepaal en die insameling van inligting is verbeter.⁶³ Die uitgangspunt is dat die indeks nie stagnant is nie, maar voortdurend ontwikkel, en dat verdere maatstawwe bygevoeg kan word. Die maatstawwe word deur die JSE Beperk in oorleg met 'n advieskomitee bepaal en word in vier hoofkategorieë, naamlik die omgewing, samelewing, korporatiewe bestuur en die ekonomie, ingedeel.⁶⁴ Maatskappye word derhalwe aan die hand van maatstawwe oor die volledige driedubbele basislyn heen (omgewing, samelewing en ekonomie) beoordeel.⁶⁵

Die Verenigde Nasies se beginsels vir verantwoordelike belegging is ook met die opstel van die maatstawwe in aanmerking geneem deur die insluiting van sogenaamde OSB- (omgewings-, samelewings- en bestuurs-) beginsels. Wat die omgewing betref, vereis die JSE Beperk byvoorbeeld dat 'n maatskappy voortdurend daarna moet streef om sy omgewingsprestasie te verbeter deur:

- sy direkte negatiewe impak op die omgewing te verminder en te beheer
- bewustheid van sy beduidende direkte en indirekte impak te bevorder
- natuurlike hulpbronne op 'n volhoubare manier te gebruik
- verbind te wees tot risikovermindering, verslagdoening en ouditering.⁶⁶

Met betrekking tot die samelewing moet 'n maatskappy volgens die JSE Beperk:

- alle belanghebbendes met waardigheid, billikheid en respek hanteer
- die ontwikkeling en bemagtiging van sy werknemers en die gemeenskap aktief bevorder
- verseker dat sleutel-arbeidstandaarde nagekom en goeie werknemerverhoudings in stand gehou word, en die gesondheid en veiligheid van sy werknemers bevorder.

Prestasie wat betref belangrike sake soos MIV/Vigs en SEB word afsonderlik gemeet.⁶⁷

Ten opsigte van bestuur moet maatskappye:

goeie korporatiewe bestuurspraktyke handhaaf en steun ... deur strategieë om internasionaal erkende bestuurstandaarde te bereik en die inwerkingstelling van gesonde etiese praktyke; streef na langtermyn groei en -volhoubaarheid deur dreigende risiko's te evalueer en te bestuur, terwyl daar by veranderende eise, neigings en makro-ekonomiese dryfvere aangepas word, en die groter impak van die maatskappy binne die onderneming se invloedssfeer bepaal en bestuur ...⁶⁸

'n Nuwe maatstaf, wat met klimaatsveranderingbewustheid te doen het, is in 2010 bekend gestel. Hiervolgens word maatskappye beoordeel op grond van hoe hulle hul pogings ter vermindering van koolstofvrystellings bestuur en hoe hulle daarvoor verslag doen, asook die wyse waarop hulle die verwagte uitwerking van klimaatsverandering hanteer.⁶⁹ Dié nuwe maatstaf verleen dus erkenning aan die grondliggende belang van omgewingsvolhoubaarheid vir voortgesette winsgewendheid.

Derhalwe word maatskappye se beleid, bestuur of prestasie, verslagdoening en oorlegpleging met betrekking tot elk van die vier hoofkategorieë beoordeel. Wat omgewingsbewustheid as maatstaf betref, word daar byvoorbeeld klem gelê op die hantering van alle sleutelomgewingskwessies van die maatskappy en die streef na omgewingsvolhoubaarheid.⁷⁰

4.1 Minimum vereistes vir insluiting by die MVB-indeks

Om by die indeks ingesluit te word, word 'n minimum telling vereis.⁷¹ Hierdie telling word bereken deur die maatstawwe wat die JSE Beperk bepaal het, op individuele maatskappye toe te pas. Die volgende tabel (uit die JSE Beperk se dokument "Background and Criteria 2011")⁷² lig die jongste minimum vereistes toe:

	Hoë impak	Matige impak	Lae impak
Omgewings-beleid	<p>Beleid moet vir die publiek beskikbaar wees en beskik oor:</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>al vyf</i> kern-aanwysers, plus minstens een gewenste aanwyser; of • <i>vier</i> kern- plus twee gewenste aanwysers. 	<p><i>Vier</i> aanwysers, waarvan minstens drie kernvereistes moet wees.</p>	<p>Moet al 'n beleidsverklaring gepubliseer het, wat minstens <i>een</i> kern- of gewenste aanwyser insluit, <i>of</i> aan hetsy die bestuurs- of die verslagdoeningsvereiste voldoen.</p>
Bestuur/prestasie	<p>Na gelang van dekking van omgewingsbestuurstelsel (OBS):</p> <ul style="list-style-type: none"> • ses aanwysers, en gekwantifiseerde teikens; of • <i>vyf</i> aanwysers, wat gedokumenteerde doelwitte en teikens op alle sleutelgebiede insluit. <p>ISO⁷³-sertifisering of EMAS⁷⁴-registrasie voldoen aan alle aanwysers.</p>	<p>Na gelang van dekking van OBS:</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>vier</i> aanwysers; of • ses aanwysers, wat gedokumenteerde, kwantitatiewe doelwitte en teikens insluit. <p>ISO-sertifisering of EMAS-registrasie voldoen aan alle aanwysers.</p>	<p>Moet reeds 'n aanvanklike/basislyn-hersiening voltooi het om beduidende impak te bepaal, <i>of</i> moet aan hetsy die beleids- of die verslagdoeningsvereiste voldoen.</p>
Verslagdoening	<p>Die verslag moet die hele groep dek, en aan minstens twee kernaanwysers voldoen (wat teks van omgewingsbeleid insluit), plus <i>een</i> gewenste verslagdoeningsaanwyser.</p>	<p>Die verslag moet die hele groep dek, en teks van omgewingsbeleid insluit, plus <i>een</i> ander verslagdoeningsaanwyser.</p>	<p>Die verslag moet die hele groep dek, en teks van omgewingsbeleid insluit <i>of</i> aan hetsy die beleids- of die bestuursvereiste voldoen.</p>
Samelewing		<ul style="list-style-type: none"> • 'n Maatskappy moet aan die meerderheid aanwysers voldoen, waarvan een derde die kern moet uitmaak. • Benewens die algemene vereiste moet maatskappye wat in Suid-Afrika sake doen, aan minstens een kernaanwyser met betrekking tot 	

	SEB en MIV/Vigs onderskeidelik voldoen.
Bestuurs- en verwante volhoubaarheidskwessies	'n Maatskappy moet die meerderheid van alle aanwysers nakom, waarvan een derde die kern moet uitmaak.
Klimaatsverandering	<p>Maatskappye moet bewyse voorlê met betrekking tot die volgende aanwysers:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Senior verantwoordelikheid vir sake wat met klimaatsverandering verband hou • 'n Verbintenis tot die teenwerking van klimaatsverandering • Openbaarmaking van koolstofvrystellings.

5. Beoordelingsproses vir insluiting by die indeks

Die jaarlikse beoordeling begin in Mei met 'n data-insamelingsproses wat teen September afgehandel moet wees. Die etiesebelegging-navorsingsdiens EIRIS (Ethical Investment Research Services) hersien alle beskikbare inligting, met inbegrip van data wat van maatskappye se webtuistes, uit hul jaarverslae, ens. verkry is. 'n Maatskappyspesifieke profiel word saamgestel deur dié inligting aan die hand van maatstawwe vir MVB te beoordeel. Die maatskappy hersien dan sy profiel en kan daarop kommentaar lewer. Maatskappye wat aan sowel die minimum kern- en gewenste vereistes as die verslagdoeningsvereistes voldoen, sal by die indeks ingesluit word. Toe die indeks in 2004 van stapel gestuur is, het 51 van die 74 deelnemende maatskappye aan die maatstawwe voldoen.⁷⁵ In 2010 het 74 van die 106 deelnemende maatskappye in aanmerking gekom en in 2011 was daar 109 deelnemende maatskappye en is nege maatskappye vir die eerste keer geëvalueer.⁷⁶ Weer eens het die indeks 74 maatskappye bevat, maar groter deelname toon dat toenemende waarde aan insluiting in die indeks geheg word.

Die JSE Beperk stel 'n advieskomitee aan, maar die Beurs funksioneer steeds onafhanklik. Die komitee is daarvoor verantwoordelik om toesig te hou oor die beoordelingsproses en die JSE Beperk oor moontlike veranderinge te adviseer. Die finale besluit oor watter maatskappye by die indeks ingesluit moet word, berus egter geheel en al by die JSE Beperk. Advieskomiteeledede sluit in kenners oor maatskaplike verantwoordelikheid en volhoubaarheid, onafhanklike beleggingslui, akademici en genoteerde maatskappye. Hulle verteenwoordig die finansiële dienstebedryf en die ekonomiese gemeenskap in die breë en nie enige bepaalde werkgewer nie.

Punttoekenning geskied soos volg: Wat die maatstawwe betref, moet maatskappye aan hulself 'n punt tussen 0 en 3 toeken. Die generiese vereiste vir 'n 0-telling is dat geen maatreëls getref is nie en dat slegs ad hoc-aktiwiteite, indien enige, plaasvind. 'n Punt van 1 beteken dat 'n maatskappy wél bepaalde oogmerke het om aan die maatstawwe te voldoen, maar dat dit nie op die vlak is wat die maatstawwe vereis nie, of dat pogings nog aangewend

word om 'n stelsel in werking te stel. 'n Punt van 2 dui daarop dat die maatskappy oor duidelike oogmerke beskik en dat verslagdoening daarvoor volkome aan die gestelde maatstawwe voldoen. Slegs wanneer die maatskappy se bepaalde oogmerke die vlak oortref wat deur die maatstawwe uiteengesit word, kan 'n telling van 3 toegeken word.⁷⁷ Van die grootste maatskappye ingesluit in die Top 40-lede van die JSE Beperk soos Anglo American, BHP Billiton, Mondi, SAB Miller en De Beers doen oor hierdie kwessies verslag.⁷⁸ In 2012 was van die beste presteerders op die MVB-indeks ArcelorMittal Suid-Afrika, PPC Beperk, Barloworld Beperk en Old Mutual Plc.⁷⁹ Van al die maatskappye wat in 2012 beoordeel is, was 18% van die deelnemers maatskappye wat in die mynbousektor bedrywig is.⁸⁰

6. Die MVB-indeks se bydrae tot volhoubaarheid

Die JSE Beperk se MVB-indeks is sorgvuldig beplan en die maatstawwe daarvan goed geformuleer. Die beoordelingsproses word deursigtig hanteer en maatskappye word aangemoedig om aan geïntegreerde verslagdoening voorrang te verleen. Die JSE Beperk is boonop voortdurend besig om die indeks te ontwikkel en te verbeter.

Dit wil verder voorkom of die JSE Beperk deur middel van die MVB-indeks wel die belang van veral klimaatsverandering in die wyer konteks van omgewingsbewing en volhoubaarheid waardeer. Dit blyk duidelik uit die feit dat klimaatsverandering as spesifieke fokusarea en kriterium by die beoordeling van maatskappye vir notering op die indeks ingesluit word.

Klimaatsverandering is een van die grootste uitdagings vir omgewingsbewaring, en die integrering daarvan in die besluitnemingsprosesse van maatskappye bied besonder groot uitdagings. Die JSE Beperk het die 2011-resultate van die jaarlikse MVB-indeks by die sewentiende konferensie van deelnemende partye oor klimaatsverandering (Conference of the Parties, oftewel COP 17) in Durban bekendgemaak, waar die wesenlike belang van klimaatsverandering en die teenwerking daarvan vir toekomstige generasies spesifiek uitgelig is.⁸¹ Daar word reeds algemeen aanvaar dat klimaatsverandering 'n toenemend groter impak op die volhoubaarheid van maatskappye sal hê. Dit is derhalwe nie meer slegs 'n kwessie van sosiale verantwoordelikheid wat maatskappye noop om hieraan aandag te gee nie – die langtermynstrategieë van die maatskappy moet hierdie kwessie verdiskonteer ook ten einde volhoubaarheid te verseker. Dit is byvoorbeeld duidelik dat versekeringsmaatskappye besondere risiko's in die gesig staar weens veranderende weerpatrone wat toegeskryf kan word aan klimaatsverandering. Die gepaardgaande vernietigende uitwerking daarvan stel spesifiek vir rolspelers in hierdie sektor gevolglik uitdagings. Die vraag is dus eensyds of korporatiewe bestuur en instrumente soos die MVB-indeks 'n bydrae lewer tot die volhoubaarheid van maatskappye en hulle benadering tot bewaring, maar spesifiek klimaatsverandering. Andersyds ontstaan die vraag hoe hierdie faktore en instrumente inderdaad beleggingsbesluite beïnvloed en gevolglik op daardie wyse eksterne druk op maatskappye plaas om daadwerklik aandag aan hierdie belangrike kwessies te skenk.

Die vraag wat dus ontstaan, is of die MVB-indeks sedert die ingebruikneming daarvan op enige wyse bygedra het tot die bekamping van klimaatsverandering, die breër begrip vir omgewingsbewaringskwessies en volhoubaarheid in die algemeen.

In 2011 is daar in opdrag van die JSE Beperk 'n studie onderneem om vas te stel in watter mate die vernaamste Suid-Afrikaanse maatskappye operasioneel en strategies aan klimaatsverandering aandag skenk.⁸² Hierdie studie het op die 40 grootste maatskappye (volgens markkapitalisasie) wat op die JSE Beperk gelys is, gefokus. Aanwysers vir beoordeling word in drie kategorieë uitgewys, naamlik bestuur, strategie en openbaarmaking. Maatskappye se klimaatsveranderingresponse is dan gemeet. Die resultate het getoon dat 95% van die maatskappye in die studie wel een of ander tipe beleid geskep het om aandag te skenk aan die impak wat hulle aktiwiteite op klimaatsverandering het.⁸³ Die maatskappye wat die beste tellings behaal het, word gekategoriseer as maatskappye wat aan al die kernaanwysers beantwoord het en ook aan die meeste van die gewenste aanwysers voldoen het. By hierdie kernaanwysers van klimaatsveranderingresponse word onder andere ingesluit 'n verbintenis tot die teenwerking van klimaatsverandering, openbaarmaking van koolstofvrystellings en aanvaarding van spesifieke klimaatsveranderingdoelwitte, asook senior verantwoordelikheid vir klimaatsverandering. Gewenste aanwysers meet hoe maatskappye presteer as openbare beleidsleiers op die gebied van klimaatsverandering, of vergoeding gekoppel word aan klimaatsveranderingprestasies, of maatskappye die tendense in hulle data aantoon, of inligting wat gerapporteer word teenoor gestelde doelwitte gemeet word, of risiko's openbaar gemaak word, asook wat die operasionele uitlatingsverrigting van die maatskappy is. Van die 40 grootste maatskappye op die JSE Beperk het 38% in hierdie kategorie ("voldoen aan al die kernaanwysers en ook aan die meeste gewenste aanwysers") geval. Sowat 35% van die maatskappye het slegs aan die kernaanwysers voldoen. Ongelukkig het die studie getoon dat daar steeds 25% van die maatskappye is wat geen strategiese beleid ten aansien van klimaatsverandering aanvaar het nie en bloot minimale openbaarmaking en bestuurspraktyke onderneem. Derhalwe het maatskappye in hierdie groep nog geensins verantwoordelikheid aanvaar vir, of 'n begrip ontwikkel van, die gevare wat klimaatsverandering vir hulle inhou nie.⁸⁴

7. Lesse vir die toekoms

Vervolgens word drie spesifieke aspekte van die studie uitgelig, naamlik senior verantwoordelikheid vir klimaatsverandering, openbaarmaking van klimaatsverandering en die vasstelling van klimaatsveranderingdoelwitte. Senior verantwoordelikheid vir klimaatsverandering (asook een of ander vorm van klimaatsveranderingbeleid) word by al die maatskappye (95%) wat deel uitgemaak het van die studie, aangetref. Alhoewel dit goeie bestuurspraktyk is en 'n belangrike stap vir die integrasie van klimaatsverandering in die maatskappy se operasionele funksionering is, is dit duidelik dat dit op sigself nie voldoende is nie. Groter sukses ten opsigte van vermindering van die impak wat maatskappye op klimaatsverandering het en die bereiking van doelwitte in hierdie verband word behaal wanneer, afgesien daarvan dat die direksie of 'n senior bestuurskomitee verantwoordelikheid vir die oorsig van die vordering gegee word, die direksie of senior bestuur se vergoeding aan die maatskappy se prestasies in hierdie verband gekoppel word.⁸⁵ AngloGold Ashanti, 'n maatskappy wat grootliks by die ontginning van goud betrokke is, het byvoorbeeld 'n sterk

strategiese en bestuursbenadering tot klimaatsverandering. Nie alleen is daar 'n spesifieke persoon op die direksie wat vir besigheidsvolhoubaarheid verantwoordelik is nie, maar bepaalde teikenvergoeding word aan klimaatsverandering gekoppel.⁸⁶

Openbaarmaking van klimaatsveranderende kweekhuisgasuitlatings is belangrik vir vasstelling van 'n maatskappy se vordering op die gebied van volhoubaarheid in die algemeen en spesifiek met betrekking tot die teenwerking van klimaatsverandering. In die studie het die oorgrote meerderheid van maatskappye gedetailleerde inligting omtrent hulle kweekhuisgasuitlatings openbaar gemaak.⁸⁷ Wat egter van groot belang is by hierdie rapporteringsproses, is die integriteit van die openbaarmaking. Op een lyn met die King III-verslag behoort maatskappye hierdie inligting onafhanklik te laat nagaan.⁸⁸

Hierdie geverifieerde openbaarmakings van kweekhuisgasvrystellings wat 'n fundamentele uitwerking op klimaatsverandering het, moet egter nie in isolasie geskied nie, maar binne die konteks van klimaatsveranderingdoelwitte. 'n Maatskappy se volhoubaarheid en vordering op die gebied van klimaatsveranderingresponse sal sinvol geïnterpreteer word slegs indien dit teen voorafbepaalde doelwitte getakseer word. Dit stel beleggers ook in staat om ingeligte beleggingsbesluite te neem, omdat dit 'n vollediger begrip van die maatskappy se volhoubaarheidstrategie vorm. Dit kan dus as een van die punte van kritiek teen die MVB-indeks aangeteken word. Volgens die indeks se minimum vereistes vir insluiting by die MVB-indeks ten opsigte van klimaatsverandering word daar slegs van maatskappye verwag om bewyse voor te lê met betrekking tot die openbaarmaking van koolstofvrystellings.

Die gevolgtrekking uit bostaande inligting is dus dat die vernaamste maatskappye op die JSE Beperk (en gevolglik die MVB-indeks) ten minste die belang van klimaatsverandering vir volhoubaarheid begryp en dat daar wel vordering gemaak word op die gebied van beleidstelling, bestuur en strategie om in 'n mate hieraan aandag te gee. Die klein getal maatskappye wat nog geensins hieraan aandag gegee het nie, spreek van hierdie algemene besef in korporatiewe kultuur dat kwessies rondom volhoubaarheid, en daarby ingesluit klimaatsverandering, nie sonder meer op die lange baan geskuif kan word nie.

Een van die groot drywers van dié bewuswording is waarskynlik die impak wat hierdie kwessies op maatskappye se reputasies het. Beter en groener praktyke speel, soos hier bo aangedui, 'n rol in die reputasie van die maatskappy. Deur vroeër aan hierdie aangeleenthede aandag te gee en strategies goed geplaas te wees, gee verder aan hierdie maatskappye 'n voorsprong wanneer regulatoriese raamwerke die ontwikkelings inhaal en daar groter vereistes vir maatskappye in hierdie verband gestel word. 'n Maatskappy se vertoning op die MVB-indeks speel dus 'n rol in die versterking van die maatskappy se reputasie en gee beleggers gemoedsrus oor die maatskappy se gereedheid vir die gebeurlikheid van toekomstige regulatoriese veranderinge.

Andersyds is instrumente soos die MVB-indeks waarskynlik van groot waarde om beleggers bedag te maak op die risiko's in hul beleggingsportfolie's wat volhoubaarheid en klimaatsverandering indirek inhou. Dit is egter ook 'n werklikheid dat die wêreldwye ekonomiese krisis wat allermens verby is, druk op maatskappye plaas om op kort termyn winsgewendheid te optimaliseer wat waarskynlik 'n negatiewe uitwerking op breër strategiese uitdagings soos volhoubaarheid, omgewingsbewaring en klimaatsverandering het. Tog was daar ten spyte hiervan 'n beduidende toename in deelname aan die indeks.⁸⁹

Die MVB-indeks is egter nie onbesproke nie. Kritici⁹⁰ voer aan dat dit nie behoorlik gemonitor word nie en dat slegs enkele verslae deur 'n onafhanklike derde party nagegaan word. KPMG se opname oor korporatiewe verantwoordelikheid in 2008 het getoon dat van die 86% maatskappye in Suid-Afrika wat volhoubaarheid by hul jaarverslae ingesluit het, slegs 15% geouditeer was.⁹¹ Onafhanklike toetsing van inligting en verslae is kritiek vir die geloofwaardigheid van die proses en daar word aan die hand gedoen dat die JSE Beperk in die ontwikkeling en verbetering van die indeks aan hierdie aspek aandag gee.

'n Verdere – en geldige – punt van kritiek word deur omgewingsgroepe geopper. Gedurende die afgelope paar jaar is maatskappye met twyfelagtige omgewingspraktyke op die MVB-indeks ingesluit. ArcelorMittal word byvoorbeeld sedert 2008 jaarliks uitgewys as 'n oortreder van omgewingswetgewing in die Departement van Omgewingsake se National Environmental Compliance and Enforcement Report.⁹² Ander maatskappye met soortgelyke probleme wat ook op die MVB-indeks ingesluit is, is BHPBilliton, Exxaro en Sappi. Hierdie geldige kritiek teen die verslagdoening en metingsproses van die indeks dui egter op die groter kwessie: daar lê 'n lang, uitdagende en opdraande stryd voor vir die volwaardige integrasie van omgewingsbewustheid, insluitend klimaatsverandering, by die besluitneming en strategieë van ondernemings en hul beleggings.

'n Ander groot uitdaging vir die indeks bly egter steeds die strewe om MVB as 'n belangrike oorweging by beleggingsbesluite in te sluit. Indien beleggers 'n holistiese, geïntegreerde en gebalanseerde siening van die prestasie van 'n maatskappy het en dus weldeurdagte beleggings maak in maatskappye wat met deernis met die samelewing en omgewing omgaan, kan dit immers 'n beduidende impak op die land en sy sosio-ekonomiese welstand hê.⁹³

Dit is dalk te vroeg om 'n afdoende gevolgtrekking oor die sukses van die MVB-indeks te maak. Verdere empiriese navorsing moet onderneem word om te toon hoe MVB uiteindelik beleggers se besluite raak. Daar word egter gehoop dat inisiatiewe soos MVB en die indeks voortaan 'n beduidende bydrae sal lewer tot die skep van 'n balans tussen volhoubare ontwikkeling en die winsgewendheid van 'n maatskappy binne die nie-onderhandelbare grense van die planeet. Wat egter wel duidelik uit hierdie bespreking blyk, is dat die MVB-indeks verskeie wetgewende en ander maatreëls ondersteun. Die werksaamhede en verpligtinge van die maatskappy se maatskaplike en etiese komitee hou ten nouste verband met elemente wat vir insluiting in en meting van vordering gebruik word. Indirek verseker dit dan ook voldoening aan die oorsigfunksie van die komitee, omdat die indeks ooreenstemmende elemente meet. Dit is wel so dat klimaatsverandering nie spesifiek binne die oorsigraamwerk van die maatskaplike en etiese komitee val nie, maar deur die inwerking van King III, verantwoordelike omgewingspraktyke en omgewingswetgewing kan gehoop word dat hierdie kritieke aspek van volhoubaarheid in die toekoms met toenemende erns bejeën sal word.

Laastens word groter bewustheid en aanspreeklikheid in toekomstige maatskappyregshervorming of wysigings aan die huidige Maatskappywet bepleit om breër omgewingsverwante kwessies te akkommodeer. Hierdie bewustheid, as deel van die onderbou van maatskappye se volhoubaarheidstrategieë, behoort doelmatig in die Maatskappywet ingesluit te word ten einde die breë oogmerke van ekonomiese ontwikkeling te bereik. Dit sou dan ook voldoen aan die grondwetlike bepaling⁹⁴ dat die bevordering van

ekonomiese ontwikkeling hand aan hand met ekologiese volhoubaarheid onderneem moet word.

Bibliografie

- Bond, P. 2008. Social movements and corporate social responsibility in South Africa. *Development and Change*, 39(6):1037–52.
- Boxall, J. en M. Morgan. 2010. Companies that put sustainability first are on to a winner in all ways. *Cape Argus*. 29 Junie.
- Brand, N. 2008. Volhoubaarheidsverslag word norm. *Beeld*. 14 November.
- Calkoen, W.J.L. (red.). 2013. *The corporate governance review*. 3de Uitgawe. Londen: Law Business Research Ltd.
- Centre for Environmental Rights. 2012. Environmental Rights Blog: A cautionary announcement on the JSE's SRI Index. <http://cer.org.za/news/environmental-rights-blog-a-cautionary-announcement-on-the-jses-sri-index> (1 Julie 2013 geraadpleeg).
- Cherry, M.A. en J.F. Sneirson. 2011. Beyond profit: Rethinking corporate social responsibility and greenwashing after the BP Oil disaster. *Tulane Law Review*, 85:983–1038.
- Cogan, D.C. 2006. *Corporate governance and climate change: Making the connection*. Boston, MA: Ceres Inc.
- Dawkins, C.D. en F.W. Ngunjiri. 2008. Corporate social responsibility reporting in South Africa: A description and comparative analysis. *Journal of Business Communication*, 45(3):286–307.
- Eccles, N.S., P. Walker, S. Nicholls, G. Sinclair en D. de Jongh. 2007. *The state of responsible investment in South Africa*. Geneva: UNEP FI. http://www.unepfi.org/fileadmin/documents/The_State_of_Responsible_Investment_01.pdf (24 Junie 2013 geraadpleeg).
- EIRIS. 2011. To what extent are leading South African companies tackling climate change? <http://www.eiris.org/files/research%20publications/JSETop40ClimateChange2011.pdf> (2 Julie 2013 geraadpleeg).
- Entrepreneur. 2011. JSE's 2011 SRI Index annual review results. *Entrepreneur South Africa*. <http://www.entrepreneurmag.co.za/entrepreneur-today/jse%E2%84%A2s-2011-sri-index-annual-review-results> (1 Julie 2013 geraadpleeg).

Gelsi, S. Marketwatch. 20 April 2011. <http://www.marketwatch.com/story/bp-shares-still-limping-after-gulf-spill-2011-04-20> (7 Junie 2013 geraadpleeg).

Hart, P.D. en D. McGinn. 2010. Advice for BP's reputation crisis. <http://online.wsj.com/article/SB10001424052748703339304575240123043330744.html> (4 Junie 2013 geraadpleeg).

Heese, K. 2005. The development of socially responsible investment in South Africa: Experience and evolution of SRI in global markets. *Development South Africa*, 22(5):730–9.

Instituut vir Direkteure in Suider-Afrika (IoD). 2009. *King report on governance for South Africa*. Sandton, Republic of South Africa: Institute of Directors of Southern Africa.

Investopedia. 2011. Free-Float Methodology. <http://www.investopedia.com/terms/f/freefloatmethodology.asp#ixzz1bgfkrwX> (24 Oktober 2011 geraadpleeg).

Janse van Rensburg, A. 2010. The constitutional framework for Broad-Based Black Economic Empowerment. Ongepubliseerde LLD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

JSE Beperk. 2011a. Criteria. <http://www.jse.co.za/About-Us/SRI/Criteria.aspx> (24 Oktober 2011 geraadpleeg).

—. 2011b. Development of Index. <http://www.jse.co.za/About-Us/SRI/Development-of-Index.aspx> (24 Oktober 2011 geraadpleeg).

—. 2011c. Background and Selection Criteria 2011. http://www.jse.co.za/Libraries/SRI_Criteria_Documents/01_Background_and_Criteria_2011.sflb.ashx (24 Oktober 2011 geraadpleeg).

—. 2011d. 2011 Review Results. <http://www.jse.co.za/About-Us/SRI/Results/SRI2011Results.aspx> (2 Julie 2013 geraadpleeg).

—. 2012a. 2012 SRI Index Best performers. 28 November. <http://cer.org.za/news/environmental-rights-blog-a-cautionary-announcement-on-the-jses-sri-index> (1 Julie 2013 geraadpleeg).

—. 2012b. JSE Press release. http://www.jse.co.za/Libraries/About_us_-_SRI_-_press_releases_2012/SRI_Index_media_release.sflb.ashx (1 Julie 2013 geraadpleeg).

—. 2013. JSE listing requirements. LexisNexis. <http://www.jse.co.za/How-To-List/Listing-requirements/JSE-listing-requirements.aspx> (26 Julie 2013 geraadpleeg).

Le Roux, C. 2008. JSE: The business case for CSI. *Financial Mail*. 1 Augustus.

Lieber, R. 2010. Punishing BP is harder than boycotting stations. *New York Times*. 11 Junie. <http://www.nytimes.com/2010/06/12/your-money/12money.html?ref=bpplc&r=0> (7 Junie 2013 geraadpleeg).

- Mackenzie, C. 2007. Boards, incentives and corporate social responsibility: the case for a change of emphasis. *Corporate Governance: An International Review*, 15(5):935–43.
- Miles, L. en M. Jones. 2009. The prospects for corporate governance operating as a vehicle for social change in South Africa. *Deakin Law Review*, 14(1):53–62.
- Mongalo, T. (red.). 2010. *Modern Company Law for a Competitive South African Economy*. Claremont, South Africa: Juta.
- Olsen, J.F. 2010. South Africa moves to a global model of corporate governance but with important national variations. In Mongalo (red.) 2010.
- Richardson, B.J. en W. Cragg. 2010. Being virtuous and prosperous: SRI's conflicting goals. *Journal of Business Ethics*, 92:21–39.
- Sonnenberg, D. en R. Hamann. 2006. The JSE socially responsible investment index and the state of sustainability reporting in South Africa. *Development South Africa*, 23(2):305–20.
- Sparkes, R. en C.J. Cowton. 2004. The maturing of socially responsible investment: a review of the developing link with corporate social responsibility. *Journal of Business Ethics*, 52:45–57.
- Temkin, S. 2010. Companies fret over new integrated reports. *Business Day*. 19 Julie.
- Tharp, P. 2010. Tropical storm send BP stock to 52-week low. *New York Post*. 26 Junie. http://www.nypost.com/p/news/business/stormy_weather_bp_stock_hits_new_R9j0pMVMYmpgrQodvaymOP (7 Junie 2013 geraadpleeg).
- United Nations Global Compact. 2013. The ten principles. <http://www.unglobalcompact.org/AboutTheGC/TheTenPrinciples/index.html> (29 September 2013 geraadpleeg).
- United States Government Accountability Office. 2010. Sudan Divestment: U.S. investors sold assets but could benefit from increased disclosure regarding companies' ties to Sudan. GAO 10-742, 2010 WL 3641658 (F.D.C.H.) 22 Junie. <http://lnk.nu/international.westlaw.com/2z6c.wl> (25 Junie 2013 geraadpleeg).
- Viviers, S. en J.-M. Boudler. 2010. Verslaggewing oor volhoubaarheid in die mynbousektor: Die identifisering van kritieke aangeleenthede. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(1):1–22.
- Walker, D., M. Ramashia en F. Rambau. 2013. South Africa. In Calkoen (red.) 2013.
- West, E. 2008. Sustainability is new governance watchword. *Business Day*. 8 April.

Eindnotas

¹ UNEP FI (2007:5); Sparkes en Cowton (2004:47–8).

² 'n Maatskappy word in die Maatskappywet 71 van 2008 gedefinieer as “'n regs persoon wat ingevolge hierdie Wet geïnkorporeer is, 'n gedomestikeerde maatskappy of 'n regs persoon wat, onmiddellik voor die inwerkingtreedingsdatum –

(a) geregistreer was ingevolge die –

(i) Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), behalwe 'n buitelandse maatskappy soos in daardie Wet omskryf; of

(ii) Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet 69 van 1984), as dit sedertdien ingevolge Bylae 4 omskep is;

(b) bestaan het en as 'n ‘bestaande maatskappy’ ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), erken is; of

(c) gederegistreer is ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), en sedertdien ingevolge hierdie Wet herregistreer is,

en sluit enige persoon in wat die pos van 'n direkteur of plaasvervangende direkteur, by welke benaming ook al aangewys, beklee.”

In hierdie bydrae word die terme *maatskappy* en *onderneming* wisselend gebruik. Omdat daar egter gewerk word met die verslagdoening van maatskappye wat op die JSE Beperk genoteer is, sal dit noodwendig deurgaans 'n verwysing na publieke maatskappye wees. 'n Publieke (of openbare) maatskappy word in die Maatskappywet omskryf as 'n “maatskappy met winsoogmerk wat nie 'n maatskappy in staatsbesit, 'n privaatmaatskappy of 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is nie”.

³ Sonnenberg en Hamann (2006:305).

⁴ IoD (2009). Die toepaslikheid van die King-kode sal later bespreek word.

⁵ King-kode oor korporatiewe bestuur (hierna King III).

⁶ Maatskappywet 71 van 2008.

⁷ Cherry en Sneirson (2011:988).

⁸ Cherry en Sneirson (2011:991).

⁹ Cherry en Sneirson (2011:984).

¹⁰ Gelsi (2011).

¹¹ Tharp (2010).

¹² Lieber (2010).

¹³ *Ibid.*

¹⁴ West (2008:2).

¹⁵ 107 van 1998.

¹⁶ Hierdie plig tot sorg, regstelling en rehabilitasie word vervat in art. 28 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur wat volledigheidshalwe in die geheel hier aangehaal word:

(1) Enigiemand wat beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak, veroorsaak het of kan veroorsaak, moet redelike stappe doen om die voorkoming, voortdoring of herhaling daarvan te voorkom, of, in soverre sodanige besoedeling of agteruitgang regtens gemagtig word of nie redelikerwys vermy of gestop kan word nie, om enige sodanige besoedeling of agteruitgang so min moontlik te hou of te herstel.

(1A) Subart. (1) is ook van toepassing op 'n beduidende besoedeling of agteruitgang wat –

(a) voor die inwerkingtreding van hierdie Wet voorgekom het;

(b) ontstaan het of waarskynlik sal ontstaan op 'n ander tydstip as die werklike bedrywigheid wat die besoedeling veroorsaak het; of

(c) ontstaan het deur 'n handeling of bedrywigheid van 'n persoon wat 'n vooraf bestaande besoedeling tot gevolg het.

(2) Sonder om die algemeenheid van die plig in subart. (1) te beperk, sluit die persone op wie subart. (1) 'n plig opleë om redelike stappe te doen, in 'n eienaar van grond of 'n perseel, 'n persoon in beheer van grond of 'n perseel of 'n persoon wat 'n reg het om grond of 'n perseel te gebruik waarop of waarin –

(a) 'n bedrywigheid of proses plaasvind of plaasgevind het of verrig word of verrig is; of

(b) enige ander toestand bestaan wat beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak, dit veroorsaak het of waarskynlik sal veroorsaak.

(3) Die maatreëls in subart. (1) vereis, kan maatreëls insluit om –

(a) die inwerking op die omgewing te ondersoek, vas te stel en te evalueer;

(b) werknemers in te lig en op te voed oor die omgewingsrisiko's verbonde aan hulle werk en die wyse waarop hul take verrig moet word ten einde te verhoed dat beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak word;

(c) enige handeling of proses wat besoedeling of agteruitgang veroorsaak, te staak, te temper of te beheer;

(d) die beweging van besoedelende stof of die oorsaak van agteruitgang in bedwang te hou of te voorkom;

(e) enige bron van die besoedeling of agteruitgang uit te skakel; of

(f) die gevolge van die besoedeling of agteruitgang reg te stel.

(4) Die Direkteur-generaal of 'n provinsiale departementshoof kan, na oorlegpleging met enige ander betrokke staatsorgaan en nadat voldoende geleentheid aan persone wat geraak word, gegee is om hom of haar van hul betrokke belange in te lig, enige persoon wat versuim om die vereiste stappe kragtens subart. (1) te doen, gelas om –

(a) die inwerking van bepaalde aktiwiteite te ondersoek, te evalueer en vas te stel en daarvoor verslag te doen;

(b) te begin om bepaalde redelike stappe voor 'n gegewe datum te doen;

(c) daardie stappe ywerig voort te sit; en

(d) om dit voor 'n redelike datum, wat vermeld word, te voltooi: Met dien verstande dat die Direkteur-generaal of 'n provinsiale departementshoof, indien dringende optrede nodig is om die omgewing te beskerm, sodanige lasgewing kan uitreik en oorleg pleeg en sodanige geleentheid bied om inligting te verskaf as wat so spoedig daarna redelik is.

(5) Die Direkteur-generaal of 'n provinsiale departementshoof moet, wanneer 'n stap of tydperk beoog in subart. (4) oorweeg word, die volgende in aanmerking neem –

(a) die beginsels in art. 2 uiteengesit;

(b) die bepalinge van enige aanvaarde omgewingsbestuursplan of omgewings-implementeringsplan;

(c) die felheid van enige inwerking op die omgewing en die koste van die voorgestelde stappe;

(d) enige stappe wat voorgestel word deur die persoon op wie die stappe ingestel gaan word;

(e) die wenslikheid dat die Staat sy [sic] aanspreeklikheid na verhouding verdeel word onder die betrokke persone;

(f) enige ander tersaaklike faktore.

(6) Indien [van] 'n persoon wat kragtens hierdie Wet vereis word om rehabilitasie en ander herstelwerk op die grond van 'n ander te doen, redelike toegang tot, gebruik van of 'n beperking op gebruik van daardie grond verlang ten einde rehabilitasie of herstelwerk te bewerkstellig, maar nie in staat is om dit op redelike voorwaardes te bekom nie, kan die Minister –

(a) die nodige regte ten opsigte van daardie grond tot voordeel van die persoon wat die rehabilitasie- of herstelwerk onderneem, onteien, op wie die onteierende regte dan sal oorgaan; en

(b) alle koste wat aangegaan is, van die persoon tot wie se voordeel die onteiening bewerkstellig is, verhaal.

(7) Sou 'n persoon versuim om gehoor te gee aan 'n opdrag of nie genoegsaam gehoor gee aan 'n opdrag kragtens subart. (4) nie, kan die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof verantwoordelik vir omgewingsake redelike stappe doen om die situasie reg te stel of by 'n bevoegde hof aansoek doen om gepaste regshulp te verleen.

(8) Behoudens subart. (9), kan die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof koste vir redelike herstelstappe wat kragtens subart. (7) gedoen staan te word, verhaal, voordat sodanige stappe gedoen word en alle koste wat aangegaan is as gevolg van optrede kragtens subart. (7) van enige van of al die volgende persone –

(a) enige persoon wat verantwoordelik is of was, of wat direk of indirek bygedra het tot die besoedeling of agteruitgang of die potensieële besoedeling of agteruitgang;

(b) die eienaar van die grond op die tydstip wat die besoedeling of agteruitgang of die potensiaal vir besoedeling of agteruitgang voorgekom het, of daardie eienaar se regsopvolger;

(c) die persoon in beheer van die grond of enige persoon wat 'n reg het om die grond te gebruik op die tydstip wat –

(i) die werksaamheid of die proses verrig of onderneem word of is; of

(ii) die situasie ontstaan het; of

(d) enige persoon wat nalatig versuim het om te voorkom dat –

(i) die werksaamheid of die proses verrig of onderneem word; of

(ii) die situasie ontstaan: Met dien verstande dat sodanige persoon versuim het om die stappe te doen wat kragtens subart. (1) van hom of haar vereis word.

(9) Die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof kan, met betrekking tot die verhaal van koste kragtens subart. (8), na verhouding eis van enige persoon wat deur die stappe wat kragtens subart. (7) gedoen is, bevoordeel is.

(10) Die koste wat kragtens subartikels (6), (8) en (9) verhaal word, moet redelik wees en kan, sonder dat dit daartoe beperk word, arbeids-, administratiewe en bokoste insluit.

(11) Indien meer as een persoon kragtens subart. (8) aanspreeklik is, moet die rol as bewaarder wat die omgewing in openbare trust vir die nasie hou, vervul ooreenkomstig die graad waarin elkeen verantwoordelik was vir die skade aan die omgewing wat ontstaan uit elkeen se versuim om die maatreëls kragtens subartikels (1) en (4) vereis, te tref.

(12) Enige persoon kan, nadat die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof 30 dae kennis gegee is, by 'n bevoegde hof aansoek doen om 'n bevel wat die Direkteur-generaal of enige provinsiale departementshoof opdrag gee om enige stappe te doen wat in subart. (4) gelys word, indien die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof versuim om sodanige persoon skriftelik in kennis te stel dat hy of sy die persoon beoog in subart. (8) gelas het om een van daardie stappe te doen, en dan geld die bepalings van art. 32 (2) en (3) met die nodige veranderinge op sodanige verrigtinge.

(13) Wanneer 'n aansoek ingevolge subart. (12) oorweeg word, neem die hof die faktore in subart. (5) uiteengesit, in aanmerking.

(14) Niemand mag –

(a) onwettiglik en opsetlik of op nalatige wyse 'n daad of versuim pleeg nie wat beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak;

(b) onwettiglik en opsetlik of op nalatige wyse 'n daad of versuim pleeg nie wat die omgewing op 'n beduidende wyse nadelig raak of waarskynlik sal raak; of

(c) weier om te voldoen aan 'n opdrag wat ingevolge hierdie artikel uitgereik is nie.

(15) Iemand wat subart. (14) oortree of in gebreke bly om dit na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 miljoen of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 1 jaar, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

¹⁷ Brand (2008:1).

¹⁸ Miles en Jones (2009:60).

¹⁹ Olsen (2010:237).

²⁰ King III (2009:6) (“Introduction and Background” par. 3).

²¹ King III (2009:8).

²² JSE Bpk (2013, par 7.F.5.).

²³ King III (2009:7).

²⁴ Walker e.a. (2013:305).

²⁵ *Ibid.*

²⁶ King III (2009:12). Hierdie gevolgtrekking word ook in hfst. 9 van die verslag gesteun.

²⁷ King III (2009, Beginsel 8.5, 9.1, 9.2, 9.3); Miles en Jones (2009:60).

²⁸ Miles en Jones (2009:60).

²⁹ King III (2009, Beginsel 9.2).

³⁰ Art. 7.

³¹ King III (2009:14) (vertaal uit Engels).

³² Sien hfst. 2, deel C van die wet.

³³ Temkin (2010:1).

³⁴ *Ibid.*

³⁵ Dawkins en Njunjiri (2008:286). Die skrywers het die 100 grootste maatskappye wat op die JSE Beperk-indeks genoteer is, asook die *Fortune Global* 100 van 2006 gebruik om Suid-Afrikaanse maatskappye en vooraanstaande internasionale maatskappye te ondersoek.

³⁶ Dawkins en Njunjiri (2008:286).

³⁷ Miles en Jones (2009:66).

³⁸ Miles en Jones (2009:61).

³⁹ Hier word slegs 'n paar voorbeelde voorgehou wat met genoteerde maatskappye verband hou. Eerstens is een van die funksies van beurse t.o.v. die notering van sekuriteit om noteringsvereistes te bepaal t.a.v. die openbaarmakingstandaarde en korporatiewe bestuur waaraan die uitgewers van die sekuriteite moet voldoen (sien art. 11(1)(d) van die Financial Markets Act 19 van 2012). Tweedens moet effektebeurse ingevolge art. 69 van die Financial Markets Act ook, as deel van hulle jaarlikse verslae aan die registrateur, verslag doen oor die beurs se inisiatiewe en planne om die mees onlangse King-kode oor korporatiewe bestuur te implementeer (sien GK 101 in *Staatskoerant* 36494 van 31 Mei 2013).

⁴⁰ King III (2009:22, Beginsel 1.2).

⁴¹ Art. 72(4).

⁴² Art. 72(4) van die Maatskappywet bepaal soos volg: "Die Minister kan per regulasie –

(a) 'n maatskappyekategorie voorskryf wat elk 'n maatskaplike en etiese komitee moet hê indien dit in die openbare belang is, met inagneming van –

(i) jaarlikse omset;

(ii) grootte van werksmag; of

(iii) die aard en omvang van die aktiwiteite van sodanige maatskappye;

(b) die werksaamhede voorskryf wat maatskaplike en etiese komitees wat deur hierdie subart. voorgeskryf word, moet verrig; en

(c) reëls voorskryf wat die samestelling en optrede van maatskaplike en etiese komitees beheer.”

⁴³ Reg. 43(1)(b).

⁴⁴ Reg. 43(2). Die aanstellingsprosedure en samestelling van die komitee word in reg. 43(3) en (4) uiteengesit.

⁴⁵ Maatskappywet art. 7.

⁴⁶ Funksies van die maatskaplike en etiese komitee word in reg. 43(5) uiteengesit.

⁴⁷ United Nations Global Compact.

⁴⁸ Die 10 beginsels handel oor vier breë onderwerpe, nl. menseregte, arbeid, die omgewing en korrupsie.

⁴⁹ Le Roux (2010:4).

⁵⁰ Miles en Jones (2009:62).

⁵¹ Broad-Based Black Economic Empowerment Act 53 of 2003.

⁵² Ander elemente sluit in eienaarskap, bestuur en beheer, gelyke indiensneming, vaardighedsontwikkeling, ondernemingsontwikkeling en voorkeurverkryging.

⁵³ Janse van Rensburg (2010:104–5).

⁵⁴ Heese (2005:730).

⁵⁵ United States Government Accountability Office (2010).

⁵⁶ Sien art. 6 van die wet wat vereis het dat staatsdepartemente 'n klousule in elke kontrak vir die verkryging van goedere of dienste insluit waarin die kontrakteur moet verklaar dat hy nie betrokke is in enige handelsbedrywighede in hierdie vier sleutel ekonomiese sektore in die Soedan nie.

- ⁵⁷ Richardson en Cragg (2010:21).
- ⁵⁸ JSE Beperk (2011) (vertaal uit Engels).
- ⁵⁹ Sonnenberg en Hamann (2006:306).
- ⁶⁰ JSE Beperk (2011).
- ⁶¹ Investopedia (2011).
- ⁶² JSE Beperk (2011b).
- ⁶³ *Ibid.*
- ⁶⁴ Sonnenberg en Hamann (2006:307).
- ⁶⁵ JSE Beperk (2011a:5).
- ⁶⁶ JSE Beperk (2011) (vertaal uit Engels).
- ⁶⁷ *Ibid.*
- ⁶⁸ *Ibid.*
- ⁶⁹ JSE Beperk (2011).
- ⁷⁰ JSE Beperk (2011:5).
- ⁷¹ Sonnenberg en Hamann (2006:307).
- ⁷² JSE Beperk (2011:6).
- ⁷³ Internasionale Standaarde-organisasie.
- ⁷⁴ Ekobestuur- en ouditskema.
- ⁷⁵ Heese (2005:733).
- ⁷⁶ JSE Beperk (2011c:1).
- ⁷⁷ Sonnenberg en Hamann (2006:307).
- ⁷⁸ Miles en Jones (2009:62–3).
- ⁷⁹ JSE Beperk (2012a).
- ⁸⁰ JSE Beperk (2012b).
- ⁸¹ Entrepreneur (2011).

⁸² EIRIS (2011:1).

⁸³ EIRIS (2011:3).

⁸⁴ EIRIS (2011:4).

⁸⁵ Sien die benadering van maatskappye in die VSA in hierdie verband soos uiteengesit deur Cogan (2006).

⁸⁶ EIRIS (2011:4).

⁸⁷ EIRIS (2011:5).

⁸⁸ King III (Beginsel 9.3).

⁸⁹ Richardson en Cragg (2010:35).

⁹⁰ Sien Bond (2008:1038–9) vir 'n voorbeeld.

⁹¹ Miles en Jones (2009:69).

⁹² Centre for Environmental Rights (2012).

⁹³ Le Roux (2008:4).

⁹⁴ Grondwet art. 24.